

*Vriende van*

# WELGEMEEND

## en Boerneef-Kunsversameling

# BEELDHOU-KOMPETISIE

# 2026



**Inskrywings sluit** 27 April 2026
**Werkswinkel:** 23-26 Junie 2026
**Uitstalling**: Augustus-Kunsmaand, buitehof van die Welgemeend


# INHOUD


01 Belangrike kompetisie-inligting
02 Werkswinkel
03 Beeldhoumedium
04 Groottes
05 Waar vind die kompetisie plaas?
06 Beoordeling
07 Pryse
08 Deelname




**Vriende van Welgemeend-beeldhoukompetisie**

Die buitehofarea, aanliggend tot die skakeltrap, tussen die skool en Welgemeend, is in 2021 in 'n groente-en-kruietuinarea omskep wat 'n ontspanarea vir leerders bied en wat deur Karin Koch vir Welgemeend-funksies aangewend word. Hierdie tuinarea bied ook die geleentheid om beeldhouwerk uit te stal tot voordeel van die skool en Welgemeend. Die boogstruktuur aan die bopunt van die uitleg is perfek vir die plasing van 'n pragtige beeldhouwerk.




## 01 BELANGRIKE KOMPETISIE-INLIGTING

- Alle Jan van Riebeeck-leerlinge kan deelneem, maar net die EERSTE TIEN leerlinge wat R40 betaal op KARRI om aan 'n vierdagwerskwinkel deel te neem, sal aan die einde van kwartaal 2 aan die kompetisie kan deelneem – sien die werkswinkeldatums.
- Vul die inskywingsvorm by Juf van Wyk in kunsklas en betaal die R40 op KARRI.
- Die finale werke sal in Augustus in die buitehof uitgestal word as deel van die Welgemeend-Kunsmaand.
- Die kompetisiedeelnemers sal geleer word hoe om beeldhouwerke uit sement en vermiculite op draad met 'n yster-en-ogiesdraad raamwerk te maak.
- Die beeldhouwerke mag nie groter as 59cm wyd en 144cm hoog wees nie.
- Die beeldhouwerk moet in die boogstruktuur aan die bopunt van die buitehof by Welgemeend kan inpas.

## 02 WERKSWINKEL

Om deel te neem, MOET die kompetisiedeelnemers die werkswinkel op die volgende VIER DAE tydens skool kan bywoon:

- Dinsdag, 23 Junie: Werkswinkelinleiding, maak van karton maquette
- Woensdag, 24 Junie: Sweis armature en draad-mesh
- Donderdag, 25 Junie: Betonwerkswinkel, maak beton aan en sit op beelde, laat droog word met rommelstukkies
- Vrydag, 26 Junie: Afwerking en inhandiging van finaal





## 03 BEELDHOUMEDIUM

- Die beeldhouwerke sal gemaak word uit sement en vermiculite op draad met ’n yster-en-ogiesdraad raamwerk. Die beeldhouwerke mag nie groter as 59cm wyd by 144cm hoog wees nie. Die beeldhouwerk moet in die boogstruktuur aan die bopunt van die kruietuin in die buitehof kan inpas.
- Al die materiale vir die werkswinkel sal voorsien word.
- Vir die beeldhoukompetisie sal leerlinge gevra word om vullis te versamel voordat die werkswinkel begin. Hierdie rommel, soos aluminiumblikkies en plastiekbottels, sal in kleiner deeltjies gesny word voor dit in en op die beeldhoubeton geplaas word. Die hergebruik van rommel is om aan te sluit by die tema van die Sirkel-ekonomie.
- Die Sirkel-ekonomie (of sirkulêre ekonomie) is ’n volhoubare ekonomiese stelsel wat daarop gemik is om afval uit te skakel en hulpbronne te hergebruik deur materiale, energie en komponente in ’n voortdurende kringloop te hou. Dit vervang die tradisionele “neem-maak-weggooi"-model met herstel, hervervaardiging en herwinning, en skep só meer waarde.
- Finale werke moet by juffrou Van Wyk op die laaste dag van die werkswinkel of in die eerste week van die 3de kwartaal ingehandig word.

## 04 GROOTTES

- Die kompetisiedeelnenemers sal geleer word hoe om beeldhouwerke uit sement en vermiculite op draad met ’n yster-en-ogiesdraad raamwerk te maak.
- Die beeldhouwerke mag nie groter as 59cm wyd en 144cm hoog wees nie.

## 05 WAAR VIND DIE KOMPETISIE PLAAS

- Inskrywings: inskrywingsvorms moet by juffrou Van Wyk voltooi word en KARRI betalings teen 27 April.
- Werkswinkel: 23-26 Julie op die skoolperseel
- Uitstalling: Augustus-Kunsmaand, buitehof van Welgemeend

## 06 BEOORDELING

- Die beoordeling word deur ’n gerespekteerde beeldhouspesialis behartig.
- Die beoordelaar se besluite is ononderhandelbaar.
- Enige navrae of opmerkings moet aan Juffrou Van Wyk gerig word (sophia.vanwyk@janvanriebeeck.co.za / 072 673 0369)
- Geen deelnemer mag vooraf die beoordelaar probeer kontak nie.

## 07 PRYSE

- 1ste prys: R5000
- 2de prys: R3000
- 3de prys: R2000

Die drie wenners sal in die 3de kwartaal aangekondig word. Al die deelnemers se beeldhouwerke sal in die buitehof by Welgemeend as deel van die Kunsmaand in Augustus uitgestal word.

## 08 DEELNAME

- Alle werke moet oorspronklik deur die leerling gemaak word en die leerling se unieke beeldhouoplossing wees.
- Deelnemers wat onttrek, sal hul inskrywingsfooie verbeur.
- ’n Deelnemer wat aan die kompetisie onttrek, kan nie deur ’n ander deelnemer vervang word nie omdat die sertifikate vooruit gedruk word.
- Die persoonlike inligting van deelnemers wat vir administratiewe doeleindes benodig word, sal met diskresie behandel word en nie op enige openbare platform versprei word nie.

Vriende van
WELGEMEEND
en Boerneef-Kunsversameling
BEELDHOU-KOMPETISIE

www.janvanriebeeck.co.za